Geskiedenis

Laerskool Villieria is op 4 Februarie 1903 gestig.

Voorheen was hierdie stuk grond waarop die skool gebou is, deel van die plaas “Rietfontein”. Dit het hier gewemel van die wildsbokke want hier was natuurlike water in die Moot. ‘n Gedeelte van hierdie plaas is later opgemeet vir woonerwe.

Villieria is die derde oudste stadwyk in Pretoria. Net Arcadia en Sunnyside is ouer. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog word die Milner-skole gestig waar almal hard probeer het om die Afrikanerjeug te verengels.

Die “Villieria Government Free School” wat op 4 Februarie 1903 gestig was, was ook op die erf van Mnr JL Moerdijk opgerig.

Die skool open met 19 leerlinge (9 seuns en 10 dogters) en hul ouderdomme het gewissel van 4 tot 17 jaar. Die eerste hoof, Mnr Moerdjik, was slegs in ‘n waarnemende hoedanigheid aangestel aangesien hy van Nederlandse afkoms was. Die maksimum ure waarin daar in Nederlands les gegee kon word, was slegs 3 ure per week.

Hierdie eerste skool het bestaan uit twee tente wat nog in die konsentrasiekampe gebruik is. In die begin het dit maar moeilik gegaan. Die tente het geskeur as daar kwaai storms was. Wanneer dit te veel gereën het, was die Mootspruit vo len kon die kinders glad nie by die skool uitkom nie.

Die meeste leerlinge het met donkies skool toe gery. Terwyl hulle in die skool besig was, het hierdie donkies in die kampie by die skool gewei. Hierdie gebruik by die skool het veroorsaak dat die skool die bynaam van die “Donkiekampskool” gekry het.

Na die boere-oorlog was die meeste mense baie arm. Die kinders het dikwels nie genoeg kos by die huis gekry nie. Daar is toe besluit om vir die kinders sop en ‘n broodjie in die winter te gee. In die somer het hulle melk, vis en kaas gekry. Hierdie gebruik besorg aan die skool sy volgende bynaam: “Sopskool”.

Met die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 was daar groot feesvierings oral in die land. By Villieria-skool is daar ook ‘n fees gevier deur ‘n monument te bou van die klippe wat die leerlinge moes aandra.

HOOFDE VANAF 1903

	1903 Feb 4 – Aug 18 **Hoof: Jan Leendert Moerdyk** Emigreer uit Ierske, Nederland (1888) in antwoord op president Kruger se oproep op leerkragte. Hy begin sy onderwysloopbaan in die distrik Waterberg. Hy veg gedurende die oorlog in general Louis Botha se kommando. Hy verlaat Villieria met bevordering. Hy word inspekteur van skole (1913). Verlaat die onderwys (1926) en gaan boer op sy plaas Buffelspoort tussen Warmbad en Nylstroom
1903 Aug 19 – 1910 Mrt 24 **Hoof: Miss A Arrow** Leerdertal 68 Sy is waarskynlik een van die vele buitelandse onderwysers wat op daardie stadium in Suid-Afrika skool gehou het. Aan die einde van 1904 was daar in Transvaal 492 buitelandse onderwysers teenoor die 417 van Suid-Afrika	
	1910 Apl 7 0 1917 Des 12 **Hoof: FW Wagner** Was eerste hoof van die “Staatsmodelschool” wat op 1 Aug 1893 in Pretoria geopen is. Sekretaris van die onderwyskommissie waarvan die sittings deur die Staatspresident en die Superintendent van onderwys bygewoon is

1918 Jan – 1930 Feb
Hoof: W Orban
Begin onderwysloopbaan met MA-graad in wysbegeerte (1912). Word hoof by Villieria op 25- jarige ouderdom. Word Inspekteur van Onderwys in Transvaal (1930). Direkteur van Onderwys in Suidwes-Afrika (1935). Voorsitter van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (1946); Direkteur van Onderwys in Transvaal (1948). Sterf Des 1949 op 57-jarige ouderdom

1930 Julie 30 – 1942 Okt 23
Hoof: WJ van den Heever
Mnr Van den Heever het ‘n slag met die skool se kindesr met klasspel gehad, met meelewing en met liefde gemotiveer. Hy het Burgerkunde in ‘n tent langs die swembad gegee. Dit was nie gedoen op ‘n akademiese wyse nie. Hy het ware staaltjies uit die Anglo-Boere oorlog vir die kinders vertel wat almal so geboei het dat hulle hongerig na sy periode uitgesien het. Hy is in Okt 1942 oorlede na ‘n lang siekbed

1943 Aug 3 – 1955 Des 14
Hoof: CJFC Niemann
Vir die jonger kollegas was “oom Chris” die ideale hoof – die man wat dissipline in die skool kon handhaaf en die verhouding met die ouers reg hou. Vir die kinders was hy ontsettend lief. Sy personeel het hy lojaal beskerm. Hy was nie net groot en fors in liggaamsbou nie, maar ook fors in sy optrede en handhawing van wat hy as reg en regverdig beskou

1956 Jan 0 1969 Jun 30
Hoof C Malan
Is sedert Jan 1941 aan die skool verbonde. “Hy het by my die eerste saadjie van volks-en nasietrots geplant, die Volkslied geleer en ‘n ontsag vir dissipline handhaaf deur die kind besig te hou. As die werk gedaan was, het hy vir ons voorgelees – ons het so daarna uitgesien dat die werk so gou en goed moontlik afgehandel is. Baie goed onthou ek nog die genot van “Buks die Ratel” en “Uit Oerwoud en Vlakte” – om nie te praat van die netjiese handskrif wat hy ons geleer het nie (JS Krynauw oud-leerling). Hy was ‘n groot jukskei-entoesias en het gereeld juksietoernooie geörganiseer. Onder sy leiding het Villieria dan ook groot hoogtes bereik

1969 Jul 1- Sept 28
Hoof: WJ Oberholzer
Reeds vanaf 1966 as adjunkhoof by Villieria betrokke. “Hy was altyd ‘n ware leier, iemand wat vinnig besluite kon neem. Op administratiewe vlak en wat organisasievermoë betref, was hy altyd puik en akkuraat. Hy het intens belang gestel in sy skool se buitemuurse aktiwiteite. Hy het met groot geesdrif die rugbytoere en atletiekuitstappies meegemaak. Vroeër jare was hy ‘n groot Voortrekker-entoesias en hy was ook vir baie jare kommandant van ‘n kommando. Hy het later as streekleier uitgetree (RJ Botes – oud-kollega)

1988 Jan – Des 2006
JHC (Hans) Kruger
Bring sy grootwordjare deur op ‘n plaas tussen Rustenburg en Swartruggens. Vanaf Gr 1 tot 6 besoek hy die tweeman-skooltjie Laerskool Waterval en daarna die Hoërskool Rustenburg. Terwyl hy na matriek administratiewe werk doen by die Onderwysdepartement, behaal hy na 3 jaar sy Onderwysdiploma mbv na-uurse klasse by die Onderwyskollege. In 1976 voltooi hy sy BA-graad met Geskiedenis en Kriminologie as hoofvakke en daarna ‘n diploma in Onderwys-bestuur

2007 Jan – Huidig
DP (Dawid Petrus Haasbroek)
bring sy grootwordjare deur op die plattelandse dorpie Potgietersrus. Sy laerskoolloopbaan (Gr 1 – 7) was by Laerskool Krugerpark en die volle duur van sy hoërskoolloopbaan by Hoërskool Piet Potgieter. Hy voltooi sy onderwysdiploma in 1989. Sy verdere studies behels ‘n graad in Afrikatale wat hy in 1990 voltooi en verwerf ook sy Honeursgraad in Afrikatale in 1993. Sy onderwysloopbaan begin in 1990 by Laerskool Villieria waar hy eers as onderwyser, later as Departements hoof en toe in 2007 as Hoof aangestel is. Mnr Haasbroek, ‘n mens mens wat leef met ‘n passie vir die skool en sy kinders en is geliefd en bekend beide onder die skoolgemeenskap en ook die wyer Mootgebied waar almal hom op straat herken.

HOOFSEUNS EN HOOFDOGTERS

HOOFSEUN	JAAR	HOOFDOGTER
Gehard vd Laars	1970	
Eddie Grobler	1971	Maria Keller
	1972	
Carel Wilke	1973	
	1974	
Abri Pelser	1975	Celesté van Wyk
August Rost	1976	René Moll
Gerrie Ooshuizen	1977	Lizélle Albertse
Gieljam Viljoen	1978	Elmarie Grobbelaar
Charles Kokt	1979	Ina Pretorius
Francois Germishuizen	1980	Sonja Brümmer
Lo-Ammi Fourie	1981	Francis Kotzé
Erich Ferreira	1982	Martjie Barnard
Jurie Roux	1983	Ansie Weilbach
Naas Massyn	1984	Desiree Holliday
Johan Spies	1985	Petronel Coetzee
Pieter Steenkamp	1986	Priscilla de Beer
Francois van Zyl	1987	Lerelda Welman
Cobus Coetzee	1988	Susan Hofmeyer
Lukas de Beer	1989	Charmaine van Schalkwyk
Christo Jones	1990	Talitha Nel
Lourens du Plessis	1991	Lizelle Kruger
Jaques Raath	1992	Lindie Venter
Johan van Rooyen	1993	Lani du Toit
Albert van Lingen	1994	Chanine van der Merwe
Gerrie Brink	1995	Christine Olivier
Renier Meyer	1996	Leana Basson
Wessel Strydom	1997	Lulene Visser
Danie de Kock	1998	Janine Grobler
Nelius Serfontein	1999	Liezl von Benecke
Arno Meiring	2000	Suné Pretorius
Charlie Pretorius	2001	Annelie Joubert
Gerhardt van Heerden	2002	Chanté Greyvenstein
Gabré Nel	2003	Nanette Buys
Dirk Fourie	2004	Lénanda Barnard
Luhan Moolman	2005	Yvette Riekert
Ian Fourie	2006	Adrie Haasbroek
Nico Lee	2007	Shanté Kokt
Nardus Erasmus	2008	Chantelle Kumm
Henri-Dawid Haasbroek	2009	Esma J van Rensburg
Jován Otten	2010	Su-Mari Toua
Enrique Cordier	2011	Magdél Jansen van Vuuren
Emile Bester	2012	Elmé Olwagen
RC Voges	2013	Damiene Bezuidenhout
Francois Grundling	2014	Lizeth van Wyk
Rudian Ooshuizen	2015	Bibi Haasbroek
Ewan Allen	2016	Zandri Louw
Nathan Mong	2017	Suné Appelcryn